**OOS-KAAP**
**Onderwysdepartement**
**UITENHAGE DISTRIK**

# Gemeenskaplike Vraestel

# *GRAAD 11:* AFRIKAANS HT

## VRAESTEL 3: STELWERK

**JUNIE 2013** **PUNTE: 100**

**TYD: 2½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | |
|---|---|
| **AFDELING A: Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B: Langer Transaksionele tekste** | **(50) = (25 x 2)** |

2. Kies en beantwoord **EEN** vraag uit **AFDELING A** en **TWEE** uit **AFDELING B**.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n kopkaart, diagram, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.) redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
7. Daar word sterk aanbeveel dat jy jou tyd soos volg gebruik:
   - 80 minute vir AFDELING A
   - 70 minute vir AFDELING B
8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in hierdie vraestel genommer is.
9. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel / opskrif. Let Wel: Die titel / opskrif word NIE in aanmerking geneem as die getal woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

1.1 R.W. Emerson het gesê: Die enigste manier om 'n vriend te bekom is om self een te wees.

Skryf 'n opstel oor vriendskap met die titel:

**Niks kosbaarder as vriendskap nie!**



1.2 ***As ek aan myself kan verander, sal ek…***

1.3 'n Tannie woonagtig in Bloem
Was bang toe 'n by om haar zoem.
Toe slaan sy hom plat
Dat heuning so spat
En spuit hom glo poegaai met Doom. (Philip de Vos)

**Skryf nou jou eie humoristiese verhaaltjie. Verskaf jou eie titel.**



1.4 **In 'n tyd soos hierdie . . .**

1.5 **"Sport is al wat tel in hierdie skool van ons."**
**– Anoniem**

Bespreek die stelling in 'n opstel.

1.6 Kies EEN van die prente en ontwikkel jou eie tema. VOORSIEN JOU OPSTEL VAN ’N GEPASTE OPSKRIF.

1.6.1




1.6.2



1.6.3




1.6.4



**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf **2 skryfstukke** van 180-200 woorde elk daaroor.

2.1 Skryf ’n **formele brief** waarin jy ’n klagte lê rakende EEN van die volgende onderwerpe:

2.1.1 Swak toestand van ons land se paaie.


2.1.2 Trae reaksie van die polisie tydens ’n rooftog.


2.1.3 Gesukkel om ’n afspraak vir ’n leerlinglisensie te maak.

**[25]**

2.2 Skryf 'n **boekresensie** oor die letterkundige werk (kortverhaal, jeugroman, ens.) wat jy tans in Graad 11 behandel. Verwys in jou resensie na die volgende:

- Titel, outeur
- Noem wie die hoofkarakters is
- Wat hulle doen
- Waar die verhaal afspeel
- Wanneer die verhaal afspeel
- Vir wie die boek geskryf is (die teikengehoor, wie sal dit geniet)
- Hoe die boek geskryf is (bv: humoristies, histories, formeel, ens.)
- Eienskappe van die boek wat positief/negatief is
- Aanbeveel of nie, en rede. **[25]**




2.3 Skryf 'n **koerantberig** oor EEN van die volgende onderwerpe:

2.3.1 Stakers maak amok!

2.3.2 Pragwedstryd!

2.3.3 Weldoener red gesin. **[25]**

2.4 Skryf 'n **vriendskaplike (informele) brief** aan jou beste vriend/vriendin waarin jy om verskoning vra vir iets wat jy gesê/gedoen het wat hom/haar seergemaak het. **[25]**

2.5 Skryf die **dialoog** wat tussen jou en jou ouers plaasgevind het nadat hulle gehoor het dat hulle 1 miljoen rand ryker is. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**GROOTTOTAAL: 100**